Woensdag Brief vir 8 Julie 2020

Gegroet uit die pastorie

Ek het bydraes versoek sodat die gemeente bietjie kan saamgesels en saam dink en waaroor enige iemand weer ’n mening kan bied. ’n Calitzdorper wat oraloor respekteer word, stuur my ’n bydrae wat hy noem *Ek het gewonder: oor godsdiens*? Soos volg:

*Ek het gewonder, die kerk waarin ek groot geword het, het my geleer dat hul dogma die enigste pad  na die ewige lewe is. Nou wonder ek, wat van al die toegewyde Moslems, die Boeddhiste, die Hindus en al die ander toegewyde gelowe waaraan die mensdom hulle verbind. Gaan al hierdie mense dan hel toe?? Ek het ook gewonder wat is die hemel en wat is die hel?? Maar dit is ‘n ander ding om oor te wonder waaroor ek nie nou gaan wonder nie.*

*So kom ons kyk na die Christelike geloof en dink daaroor……alles wat ons weet kom uit die Bybel. Ons is geleer dat dit deur die Gees aan die skrywers geopenbaar is en geboekstaaf is om aan ons oor te dra. Die padkaart van die lewe met ‘n stel geskiedenis ter ondersteuning van die onderliggende geloofsoortuigings en duidelike stellings ten opsigte van die gevolge sou hierdie riglyne verontagsaam word……of soos die verdoemenis prediking van my tyd dit sou beskryf, as jy nie die reels nakom nie gaan jy hel toe.*

*Tog het ek gewonder oor ons geloofsbelydenis…..”n heilige* <u>*algemene*</u> *christelike kerk”, die “algemene” het tog die deur oopgelaat vir variasies en wat is nou werklik heilig, wie bepaal die heilig? En wat nou van die dinge wat die Islam, Boeddhiste en die ander groeperinge as heilig beskou??*

*Toe wonder ek wat is nou eintlik belangrik as dit kom by ons bestaan hier op aarde…..die heiligheid of die manier hoe ons hier op aarde ons tyd, gawes en talente aanwend?  As ons al die geloofsoortuigings afbreek na hul basiese kru vorm behels dit liefde en harmonie…..liefde vir alles in die skepping en om in harmonie met alles in die skepping te handel. Sommige geloofsoortuigings het ‘n rolmodel vir hulle volgelinge……Jesus, Mohammed en so is daar ‘n paar ander ook….*

*Ek het gewonder of die mens nie so besig geraak het om die reels van die godsdiens-spel saam te stel dat hulle die essensie van waaroor dit gaan verloor het langs die pad nie. Hulle het so fanaties geraak oor hul eie oortuigings dat hulle hul eie reels bv.  “jy mag nie doodslaan nie” totaal oorboord gegooi om teenstanders uit te wis……natuurlik in die naam van hul eie god, of is dit nou God met ‘n groot G??*

*Ek het gewonder of dit nie maar net genoeg is om die 10 gebooie na te streef as ‘n riglyn vir ‘n betekenisvolle lewe of dan net doodeenvoudig die twee Groot Gebooie van Liefde vir jou Skepper en liefde vir jou medemens. Die probleem is natuurlik dat ons dan ‘n reeks Oosterse geloofsoortuigings by die deur uitgooi wat ek dink ook tog relevant is. Ons Bybel gee ons die opdrag om oor die skepping te heers, wel daardie opdrag het ons verseker vertaal of is dit nou omskep, soos baie ander dinge in die Bybel, om aan te pas by ons eie gierigheid. Ek wonder of dit deel vorm van kapitalisme? Die Oosterlinge fokus minstens om in harmonie met hul totale omgewing en verskeie dimensies te leef. Respek is die gedagte wat by my op kom as ek wonder oor hierdie groepering mense…*

*Ek het gewonder watter soort wêreld sou dit wees as daar respek vir mekaar, die natuur en ons Skepper sou wees….dalk is die hel ‘n plek waar daar nie respek bestaan nie en dus ook nie liefde nie, so het ek gewonder.*

Die brief sluit hiermee af.

Hoe dink julle, wat wonder julle. Julle is welkom om te reageer, maar ook om sommer enige bydrae te lewer wat mense aan die dink kan sit of in verwondering kan plaas om sommer net kan geniet.

Mooiloop

Tot volgende keer.